

**Die ontwikkeling en evaluering van 'n
lewensvaardigheidsprogram vir
milieu-geremde adolessente**

MARLENE KRUGER

Die ontwikkeling en evaluering van 'n lewensvaardigheidsprogram vir milieu-geremde adolessente

**Marlene Kruger
B.Psig**

**Skripsie (artikel formaat) voorgelê ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad Magister Artium in Kliniese
Psigologie aan die Noord-Wes Universiteit,
Potchefstroomkampus**

Studieleier: Dr A. W. Nienaber

**Potchefstroom
November 2006**

INHOUDSOPGAWE

Bedankings	p. ii
Opsomming	p. iii
Summary	p. v
Toestemming	p. vii
Beoogde tydskrif en riglyne vir outeurs	p. viii
Manuskrip vir eksaminering	p. x
Titel, naam en adres van outeur	p. xi
Abstrak	p. xii
Inleiding	p. 1
Doelwitte	p. 8
Metode	p. 9
Prosedure	p. 12
Lewensvaardigheidsprogram	p. 13
Etiese aspekte	p. 21
Statistiese berekeninge	p. 22
Resultate	p. 23
Bespreking	p. 30
Gevolgtrekking	p. 34
Leemtes	p. 36
Aanbevelings	p. 37
Bibliografie	p. 38

BEDANKINGS

Ek wil die volgende mense wat my met toegewyde ondersteuning en hulp bygestaan het, tydens hierdie navorsingsprojek, uit my hart uit bedank:

- My Hemelse Vader wat my hierdie geleentheid gegee het en my geseën het met die krag om die studie te voltooi.
- Dr Alida Nienaber, my studie-leier, vir haar akademiese bydrae, deskundigheid, en oneindige geduld. Dankie dat u deur altyd oopgestaan het!
- Dr. S.M. Ellis vir haar leiding tydens die statistiese analise.
- Lianda Claassens vir die taalversorging. Dankie dat ek by jou kon leer Lan!
- Aan almal betrokke by die FLAGH-studie onder die leiding van Dr A. Kruger, baie dankie vir u finansiële steun. Die werk wat julle in belang van ons mense op die platteland doen, is van onskatbare waarde.
- Die kinders wat deel was van hierdie studie. *“Ke a leboga kudu. Ke motlotlo ka lena!”*
- Al my vriende en familie vir julle voortdurende belangstelling en ondersteuning. Julle maak die lewe ‘n buitengewone en onvergeetlike ervaring.
- Tannie Illse Jooste sonder wie se hulp en raad ek nooit hierdie navorsingsprojek sou kon voltooi nie. Dankie vir dit wat tannie vir die kinders in ons milieu-geremde omgewing beteken!
- My boeties vir al julle geduld, ondersteuning en hulp.
- My ma en pa – dit is vir julle, as ‘n teken van waardering vir my ongelooflike kinder herinneringe. Dankie dat julle my nog nooit teleurgestel het nie!

Efesiërs 1:3 “Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe”

OPSOMMING

Die ontwikkeling en evaluering van 'n lewensvaardigheidsprogram vir milieu-geremde adolessente.

(Sleutelterm: milieu-geremde omgewing, psigologiese welstand, lewensvaardighede, adolessensie, psigo-opleiding, programme)

Hierdie studie ondersoek die psigologiese agterstande van adolessente in 'n milieu-geremde omgewing in die Noordwes -provinsie met die doel om sekere intervensies in hierdie adolessente se lewens te maak deur hulle lewensvaardighede te leer. Dit maak deel uit van die FLAGH-studie (*Farm Labour, Agriculture and General Health*), wat voorafgegaan is deur die THUSA-studie (*Transition and Health during Urbanization in South Africa*). Hierdie studie (THUSA) het aangetoon dat die biopsigososiale gesondheidstatus van plaasarbeiders in die Noordwes-provinsie baie laag is. Uit die literatuur blyk dit dat die omstandighede waarmee die plaasarbeiders en hul kinders daaglik te doen het, ooreenstem met die omstandighede wat 'n milieu-geremde omgewing kenmerk. Navorsing het getoon dat adolessente wat in hierdie omstandighede opgroei 'n verlaging in hul psigologiese welstand asook in hul algemene geluk ervaar. Die oogmerk van die navorsingsprojek was om hierdie adolessente bloot te stel aan intervensie deur die aanbieding van 'n lewensvaardigheidsprogram. Die doel van die studie was die ontwikkeling van hierdie program. Tweedens het dit ten doel gehad om die effek van die program ten opsigte van selfbeeld, globale lewenstevredenheid, algemene geluk en welstand en hanteringsvaardighede van die deelnemers te evalueer. Hierdie kwantitatiewe studie is uitgevoer deur middel van 'n twee-groep voor- na-toets ontwerp. Adolessente in 'n milieu-geremde omgewing in die Noordwes-provinsie is ewekansig verdeel in 'n eksperimentele- en kontrolegroep. Deelnemers is aan voortoetsing bestaande uit die "Affektometer" (AFM), "Satisfaction with Life Scale" (SWLS), "Coping Responses Inventory – Youth Form" (CRI-Y) en "Tennessee Self-

Concept Scale" (TSCS), onderwerp. Die eksperimentele groep is blootgestel aan die lewensvaardigheidsprogram. 'n Maand na voltooiing van die intervensieprogram is die na-toetsing gedoen. Die studie se bevindinge was as volg: Deelnemers aan die lewensvaardigheidsprogram het betekenisvolle verbeteringe getoon ten opsigte van hul algemene geluk en welstand en totale selfkonsep. Tendense van verbetering is in die volgende domeine opgemerk: identiteit, self-satisfaksie, fisiese self en persoonlike self. Adollesente in 'n milieu-geremde omgewing baat by intervensies, soos die lewensvaardigheidsprogram wat aangebied is in hierdie studie. Dit sou raadsaam wees om so 'n program op 'n gereelde basis aan te bied om sodoende hul vaardighede, selfkonsep en algemene welstand te verbeter.

SUMMARY

The development and evaluation of a life skills programme for milieu-restricted adolescents.

(Keywords: milieu-restricted environment, psychological well-being, life skills, adolescents, psycho-development, programme)

This study investigates the psychological deficits of adolescents in a milieu-restricted environment in the North-West province with the intention to introduce life skills interventions to these adolescents. It forms part of the FLAGH Study (Farm Labour, Agriculture and General Health), which succeeded the THUSA Study (Transition and Health during Urbanization in South Africa). This study (THUSA) indicated that the biopsychosocial health status of farm workers in the North-West province is very low. Literature shows that the circumstances that farm workers and their children experience daily are similar to the circumstances that characterize a milieu restricted environment.

Previous research found that adolescents who grow up in these circumstances show a decrease in their psychological well-being and general happiness. The purpose of this research project was to intervene in the lives of these adolescents, by presenting a life skills programme. The aims of this study were to compile a life skills programme and to determine whether it would affect the self-concept, life satisfaction, general happiness and well-being and coping skills of the participants. It was a quantitative study, which was conducted using a two-group pre- and post-test design. Adolescents in milieu restricted environments in the North-West province were randomly divided into an experimental and a control group. Participants were pre-tested with the Affectometer (AFM), Satisfaction with Life Scale (SWLS), Coping Responses Inventory – Youth Form (CRI-Y) and Tennessee Self-Concept scale (TSCS). The experimental group participated in the life skills programme. One month after the intervention, the post-testing of the participants took place. Findings were as follows: Adolescents who participated in the life skills programme showed significant improvements in their general happiness and

well-being and total self-concept. They also showed tendencies towards improvements in the following domains: identity, self-satisfaction, physical self and personal self. Adolescents in milieu restricted environments benefit from life skills programmes. It is advisable to present life skills programmes on a regular basis thereby insuring the improvement of their skills, self –concept as well as their well-being.

TOESTEMMINGSBRIEF

Ek, die ondergetekende, gee hiermee toestemming dat Marlene Kruger haar manuskrip *Die ontwikkeling en evaluering van 'n lewensvaardigheidsprogram vir milieu-geremde adolessente* mag indien as mini-verhandeling vir die gedeeltelike nakoming van 'n meestersgraad.

Dr. A.W. Nienaber

Datum:

Instructions to Authors



The original typewritten manuscripts plus two copies must be submitted to the Editor: Professor N. Duncan, Department of Psychology, University of the Witwatersrand, Private Bag X3, WITS, 2050. e-mail: duncan@umthombo.wits.ac.za.

The manuscript must be accompanied by a letter stating that the article has not been previously published, is the author's/authors' own original work and all listed authors must sign the letter to indicate their agreement with the submission. The manuscript should be typed in Times New Roman, in 12-point font, double spacing with generous margins, on one side of the page only. The first page should contain the title of the paper, the author's/authors' name(s) and address(es), and the name and address of the author to whom correspondence should be addressed. The abstract should be on a separate page. The text of the article should start on a new page. Tables and figures should be numbered consecutively and submitted on separate A4 pages attached to the manuscript. The appropriate positions in the text should be indicated. Once the article has been accepted for publication, a computer diskette must also be submitted. ASCII is the preferred text format. The diskette should be clearly marked.

The format of articles should conform to the requirements of the *South African Journal of Psychology: Guide to Authors*, which is based on the Publication Manual of the American Psychological Association. The *South African Journal of Psychology Guide* can be obtained from the office of the Psychological Society of South Africa at a cost of R35.00, including value-added tax (VAT) and postage.

Illustrations and figures: These should be prepared on A4 sheets. One set of original illustrations and figures on good-quality drawing paper, or glossy photoprints and three sets of copies, should accompany the submission. The figures should be clearly labelled. Authors are requested to pay particular attention to the proportions of figures so that they can be accommodated in single (82 mm) or double (170 mm) columns after reduction, without wasting space. Figures should be numbered consecutively in Arabic numerals (Figure 1, Figure 2), and descriptive captions listed on a separate sheet of A4 paper. Graphs should be fully inscribed, and points should be indicated with standard symbols. All illustrations and figures should be grouped together at the end of the manuscript, and their appropriate positions in the text should be indicated.

Figures and illustrations should preferably be supplied in electronic format, 300dpi, in .tif or .eps format

Manuskrip vir eksaminering

**Die ontwikkeling en evaluering van 'n
lewensvaardigheidsprogram vir milieu-geremde
adolessente.**

Me Marlene Kruger *

Posbus 350

Hartbeesfontein

2600

E-pos: marlene.kruger@yahoo.com

Dr A. W. Nienaber

Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe : Psigologie

Noordwes Universiteit, Potchefstroom kampus

Privaatsak X6001

Potchefstroom, 2520

E-pos: psgawn@puk.ac.za

* Korrespondensie kan gerig word aan:

ABSTRAK

Die kwantitatiewe studie het gebruik gemaak van 'n twee-groep voor- en na toetsing ontwerp. Deelnemers (n = 24) is verdeel in 'n eksperimentele- en kontrolegroep. Deelnemers is voor en na 'n intervensie geëvalueer met die Affektometer (AFM), Satisfaction with Life Scale (SWLS), Coping Responses Inventory – Youth Form (CRI-Y) en Tennessee Self-Concept scale (TSCS-2). Die eksperimentele groep is blootgestel aan 'n lewensvaardigheidsprogram wat deur die navorser ontwikkel is. Uit die resultate blyk dit dat deelnemers aan die lewensvaardigheidsprogram betekenisvolle verbeteringe getoon het wat hul positiewe affek, algemene geluk en welsyn en totale selfkonsep betref. Hulle wys ook tendense van verbeterings in die volgende domeine: identiteit, self-satisfaksie, fisiese self en persoonlike self. Die verbeterings is egter nie prominent nie en daar word aanbeveel dat meer gereelde ingrepe en intervensies moet plaasvind in die milieu-geremde adolessente se lewens.

INLEIDING

Adolesensie is die ontwikkelings stadium tussen die kinderjare en volwassenheid. Die term adolesensie beteken om 'groot te word' of om 'te groei tot volwassenheid'. Aangesien adolesensie dui op 'n groeiproses waarvan die doelwit volwassenheid is en volwassenheid in alle kulture die doelwit van menslike ontwikkeling is, is die term adolesensie op alle kulture van toepassing (Tarrant *et al.*, 2005). Adolesensie, wat dikwels gedefinieer word as die tydperk tussen die ouderdomme 11-21 jaar, word gesien as 'n oorgangstydperk wat gekenmerk word deur 'n reeks van fisiese, kognitiewe en psigologiese veranderinge. Gedurende hierdie tydperk ontwikkel individue onafhanklikheid, intellektuele rypheid, volwasse seksualiteit, identiteit en interpersoonlike verhoudings (Aust, 2003). Adolesente se rypwording is egter ook 'n persoonlike fase van ontwikkeling waar die adolessente hul eie oortuigings, waardes en doelwitte vestig. Adolesente is gedurig besig om hulself te taksier en te beoordeel, met die gevolg dat hul dikwels uitermatig selfbewus voorkom. Hierdie self-evaluering is slegs die begin van 'n langtermyn proses waarin daar na emosionele en sosiale onafhanklikheid gestreef word in 'n poging om eendelik as 'n volwaardige volwassene te funksioneer (Lewis, 2005).

Drie afsonderlike fases kan geïdentifiseer word in die psigologiese ontwikkeling van die adolessent. Gedurende vroeë adolesensie (ouderdom 11-13), is die fokus op die ontwikkeling van 'n selfbeeld, waar die adolessent gebruik moet maak van sy/haar logiese denke en vermoë om rasionale oordele te vel (Lewis, 2005). Die vorming van 'n identiteit speel ook 'n belangrike rol, waar alle kenmerke van die adolessent se identiteit sentreer om die bewuste waarneming van wie hy/sy is. Volgens Simon en Klendermans (2001) verwys identiteit na die individu se bewustheid van hom-/haarself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n bepaalde plek in die samelewing. As gevolg van al die veranderinge by die adolessent 'verloor' hy /sy die stabiele selfkonsep van die

kinderjare en ervaar tot 'n mindere of meerdere mate 'n gevoel van verwarring wat spanning en selfbewustheid tot gevolg kan hê. Indien integrasie tussen die liggaamlike, seksuele, morele, kognitiewe en sosiale veranderinge egter kan plaasvind, kan 'n eie identiteit ontwikkel (Simon & Klandermans, 2001).

In die fase wat bekend staan as middel adolessensie (ouderdom 14 en 15), streef adolessente daarna om hul bande met hul ouers te verslap, aangesien hul emosionele en intellektuele kapasiteit verhoog. Hulle raak avontuurlustig en eksperimenteer met verskillende idees en gedragspatrone. Hierdie eksperimentasie speel 'n belangrike rol in die soeke na die self met betrekking tot die self, die groep en die teenoorgestelde geslag. Gedurende hierdie tydperk probeer die adolessent onderskei tussen sy/haar eie stel waardes en die van sy/haar ouers of ander belangrike volwasse persone. Die adolessent bereik so 'n vlak van onafhanklikheid en 'n sin van verantwoordelikheid met die doel om 'n bydrae in die samelewing te lewer (Lewis, 2005).

Laat adolessensie (ouderdom 16 +), word gekenmerk deur 'n meer stabiele sin van identiteit en plek in die samelewing. Gedurende hierdie tydperk, behoort adolessente hulself as psigologies geïntegreerd te beleef met 'n konstante, gevestigde siening van die wêreld. Hulle behoort 'n gevestigde balans te handhaaf tussen hulle aspirasies, fantasieë en realiteit. Belangrike lewenstake wat adolessente behoort te voltooi teen die einde van hierdie fase sluit in: die ontdekking van hul rol in die samelewing, die vasstelling van realistiese doelwitte, asook die neem van die eerste stap om dit te bereik (Lewis, 2005).

Volgens Saraswathi (1999) het alle adolessente egter nie die volledige tydperk tot hul beskikking vir hierdie belangrike proses nie. Kinders wat hierdie voorreg ontnem word, word dikwels aangetref in landelike en milieu-geremde omgewings, aangesien hulle op 'n vroeë ouderdom reeds volwasse take moet vervul, in 'n poging om te oorleef. So word daar dikwels van hierdie

adolescente verwag om die skool te verlaat en op die plaas waar hulle woon te help om sodoende 'n bydrae te lewer op finansiële vlak (Booyesen, 2003). Navorsing het 'n verband geïdentifiseer tussen sulke ekonomiese stres en 'n verlaging in adolessente se psigologiese welstand (Fagg *et al.*, 2006). In ooreenstemming met voorspellings van die ekologiese modelle oor ekonomiese benadeeldes (Conger *et al.*, 2000) en vorige bevindinge in die verband (Shek, 2003), bevestig Daniel (2005) dat adolessente wat gebuk gaan onder ekonomiese stres meer hopeloos presenteer, minder tevrede is met hul lewe en dat hul laer vlakke van bevoegdheid en selfesteem openbaar, in vergelyking met adolessente wat nie ekonomiese stres beleef nie.

Na aanleiding van 'n sensus-opname gedoen in 2001 het Suid-Afrika 'n populasie van 44,8 miljoen mense, waarvan meer as 41% van die populasie in milieu-geremde areas woon. (Statistics South-Africa, 2002). Noodsaaklike dienste, soos opvoedkundige instansies, behuising en sanitêre fassiliteite is nie beskikbaar in hierdie gebiede nie as gevolg van die land se Apartheidsgeskiedenis (Nelson Mandela Foundation, 2005).

Volgens Wilson (1993) is milieu-geremdheid 'n probleem wat in Suid-Afrika van aktuele belang is. Milieu-geremdheid kan teruggevoer word na ouers wat bepaalde agterstande vertoon. Willison en Masson (1990) meen dat 'n milieu-geremde persoon iemand is wat omgewingsgedepriweerd is met verskeie onbevredigde psigologiese behoeftes. Die begrip 'milieu' kan omskryf word as die persoon se geografies-fisiese wêreld, medemenslike wêreld, sowel as kultuur-historiese wêreld (Pretorius, 1990). Milieu-geremdheid dui verder op die sosiale groepering wat, ten spyte van bepaalde verskille, tog die volgende gemeenskaplike kenmerke openbaar: 'n lae ekonomiese status, 'n lae sosiale status, 'n lae onderwyspeil, die beoefening van minderwaardige beroepe en werkloosheid, beperkte potensiaal vir opwaartse sosiale mobiliteit en verlies aan motivering. Hierdie sosiale groepering is dus vasgevang in 'n spiraal van

armoede en deprivasie, weens hul milieu-tekorte en psigososiale agterstande (Pillay & Lockhat, 1997).

Volgens Wilson (1993) word milieu-geremde leerders veral op die plattelandse gebiede aangetref. So 'n leerder bevind hom dus in 'n milieu wat gekenmerk word deur geografiese ontoereikendheid, veral wat betref sy fisiese omgewing, behuising, materiële goedere en gebrekkige medemenslike kommunikasie wat die adolessent verhoed om sy persoonsmoontlikhede en sosiaal-kommunikatiewe moontlikhede optimaal te verwesenlik. Volgens Elgar *et al.* (2003) veroorsaak so 'n milieu-geremde omgewing ernstige belemmering wat betref adolessente se optimale funksionering, die verbetering van hul lewenskanses en die bereiking van 'n bevredigende lewensgehalte. Umariataylor (2004) is van mening dat 'n diskrepans sodoende ontstaan, aangesien die adolessent se bereikte vlak van wording, gedrag en leerprestasie nie ooreenstem met dit waartoe hy volgens sy intellektuele vermoëns in staat is nie.

'n Studie wat in 2001 in milieu-geremde omgewings in die Noordwes-provinsie geloods is, wys dat adolessente se beperkte toekomsvisie toegeskryf kan word aan die feit dat die meeste van hulle ouers self oor geen opleiding van enige aard beskik nie. Besprekings in verband met hul kinders se toekoms manifesteer dus nie in gesprekke tussen ouer en kind nie (Ndandani, 2001). Kinders word verder ook nie die geleentheid gebied om na dorpe en stede te reis en sodoende die heersende ontwikkeling te verken nie, aangesien hulle dit finansiële nie kan bekostig nie (Gaganakis, 2003).

Dit blyk dus dat adolessente in milieu-geremde omgewings stagneer, aangesien daar minimale stimuli vanaf die omgewing beskikbaar is. Hierdie stagnering belemmer enige vorm van selfaktualisering, aangesien die strewe na selfaktualisering geen statiese begrip is nie (Purdie *et al.*, 2004). Met die term selfaktualisering word die bereiking van sukses geïmpliseer. Robbinson (1998)

stel dat die bereiking van sukses 'n strewe is om voortdurend meer te word. Daar bestaan nie 'n konkrete eindbestemming wat geassosieer kan word met selfaktualisering nie, dit word eerder as 'n progressiewe proses gesien. Terwyl die individu vorder op die pad van sukses of selfaktualisering, kry hy voortdurend die geleentheid om emosioneel, sosiaal, geestelik en intellektueel te groei (Purdie et al, 2004).

Die heersende omstandighede waarmee adolessente in plaasskole en milieu-geremde omgewings daaglik gekonfronteer word, belemmer optimale groei in 'n poging om selfaktualisering te bereik. Lockhat en Van Niekerk (2000) meld dat kinders in plattelandse, milieu-geremde omgewings sosiaal, opvoedkundig, psigologies en ekonomies gedepriveerd is en dit veroorsaak dat adolessente geneig is om emosioneel afgestomp voor te kom en van oneffektiewe probleemoplossingsvaardighede gebruik te maak (Adendoyin, 2000). Volgens Davis en Stevenson (2006) is adolessente in hierdie omgewings se toegang tot kwaliteit psigiese en fisiese gesondheidsorg uiters beperk. Hulle beskik verder oor minimale geleenthede om van professionele dienste gebruik te maak om hulle te fasiliteer in emosionele vatbaarheid wat gepaard gaan met hierdie spesifieke ontwikkelingsfase. Dit lei tot verhoogde depressie onder swart adolessente in milieu-geremde omgewings, asook 'n algemene verlaging in selfbeeld en algemene psigologiese welstand (Eamon, 2002).

Volgens Onyeneje (2002) bestaan daar wel 'n dringende behoefte aan die bevordering van psigologiese ontwikkeling onder die jeug in plaasskole, sodat hulle meer selfgerig kan wees en 'n geestelike balans kan handhaaf vir meer effektiewe aanpassing ten opsigte van stressors in die skool, by die huis en op die plaas. Sielkundiges en opvoeders stem saam dat die jeug met meer inligting rakende die hantering van psigososiale probleme toegerus moet word. Dit is in adolessente se belang om nuttige en produktiewe vaardighede te ontwikkel, sodat hulle nie net kan oorleef nie, maar kan uitstyg bo hul omstandighede om

sodoende te vorder op die pad na selfaktualisering (Adendoyin, 2000). Burtleson (2005) stel dat die ontwikkeling van vaardighede wat selfaktualisering en kreatiwiteit fassiliteer, een van die belangrikste doelwitte van ons gemeenskap behoort te wees, aangesien hierdie kwaliteite, positiewe toekomstige verwagtinge rakende ons jeug verseker.

Met swartbemagtiging wat tans in Suid-Afrika aan die orde van die dag is, rus die verantwoordelikheid soveel te meer op swart adolessente om hulself positief te rig met die oog op toekomstige suksesse (Anon, 2004). Volgens Zegeye (2004) rapporteer swart adolessente in milieu-geremde omgewings, dat daar geen eksterne insette gelewer word om hulself en hul gemeenskappe positief te aktualiseer nie. Hierdie onthullings is skrikwekkend, aangesien hierdie kinders die toekoms van ons land behoort te wees. Juis omdat die swart jeug 'n groot rol in die toekoms van Suid-Afrika moet speel, beklemtoon Kraukamp (2004) die belangrikheid van lewensvaardighede. Hy noem dat vaardighede en opleiding die enigste manier is om sosiale objektiwiteit te bewerkstellig deur die algemene en psigologiese welstand van adolessente in milieu-geremde omgewings te verhoog en sodoende gelykheid te verkry en armoede te verminder. Ryff en Singer (1998) is van mening dat positiewe selfagting tesame met 'n gevoel van betekenis in die lewe en diep positiewe verhoudings, psigologiese welsyn skep en handhaaf. Persone wat optimaal funksioneer beskik oor positiewe eiewaarde of hoë selfbeeld en aanvaar hulself vir wie hulle is (Kernis, 2005). Die uitdagings wat die lewe bied, eis voortdurende aanpassings rakende 'n individu se siening oor die self. Hierdie aanpassing behels 'n aktiewe poging om beheer te neem oor die rigting waarin jou lewe vloei, ten spyte van onsekerhede en beperkings. Die strewe na 'n effektiewe en betekenisvolle lewe, wat selfaktualisering bevorder, vereis 'n interaktiewe verhouding met 'n aktiewe, dinamiese omgewing (Onyeneje, 2002).

Beide die individu en sy omgewing beskik oor sekere hulpbronne, sowel as beperkings. Om as goed aangepaste adolessente binne 'n milieu-geremde omgewing te funksioneer, moet die adolessent dus nie passief staan teenoor sy fisiese en sosiale omgewing nie, maar eerder sy hulpbronne ontwikkel om sodoende effektief in 'n beperkte omgewing te funksioneer (Onyeneje, 2002).

Kraukamp (2004) is van mening dat 'n individu se hulpbronne ontwikkel kan word deur die aanleer van sekere vaardighede wat ten doel het om betekenisvolle verandering teweeg te bring, sodat maksimum voordeel uit minimale geleenthede geput kan word. Hy beweer dat adolessente dan in staat sal wees om hindernisse te gebruik as 'n unieke geleentheid om te groei en te ontwikkel.

Psigo-opleiding, wat moontlik gemaak word deur die aanbieding van 'n program, fokus op ontwikkeling van die menslike potensiaal. Dit behels die aanleer van vaardighede, bekwaamhede en insigte om sodoende individue se lewens betekenisvol en doelgerig te maak. Dit is 'n interaktiewe vorm van opvoeding, waar die fassiliteerder en die leerder gelyke vennote in die leerproses word. 'n Program vereis konstante deelname, samewerking en insette vanaf die groepslede wat aan lede die geleentheid bied om uit hul eie ervarings te leer. Dit maak die verskillende fasette van die program uiters nuttig, omdat die adolessente nie net met 'n klomp teorie gekonfronteer word nie, maar die leerproses word vir hulle 'n realiteit wat hulle kan toepas in hul alledaagse lewe (Vermeulen, 2001). Effektiewe uitkomst van so 'n program word versterk, as gevolg van die feit dat 'n program binne die konteks van 'n groep plaasvind (Rooth, 2001) en volgens Lewis (2005) word die portuurgroep gesien as verwysingsgroep wat aan die adolessent die geleentheid bied om sy gedrag, probleme, behoeftes en doelwitte te evalueer. So 'n program dien dan ook 'n voorkomende doel, aangesien dit toekoms georiënteerd gerig is en langtermyn resultate van probleme teenwerk (Roos *et al.*, 2001). Die fokus val dus primêr op opleiding en nie noodwendig op rehabilitasie en terapie nie, wat beteken dat

verandering binne die gemeenskap geskied wat 'n uitkring-effek kan meebring.

Volgens Kardum en Krapu (2001) vorm hanteringsvaardighede wat tydens adolessensie aangeleer word, die fondasie vir 'n individuele volwasse hanteringsstyl. Programme wat aangepaste hanteringsvaardighede aanmoedig, kan lei tot selfaktualisering en self-gedetermineerde individue het 'n hoë lewenstevredenheid vitaliteit, self-esteem en positiewe affek (Kernis, 2005).

Die volgende navorsingsvrae kan na aanleiding van die bogenoemde geformuleer word:

- Wat sou die inhoud moet wees vir 'n program om adolessente uit 'n milieu-geremde omgewing te help om hulle situasie beter te hanteer?
- Wat sou die effek wees van so 'n program op adolessente in 'n milieu-geremde omgewing, se hanteringsvaardighede en psigologiese welstand?

DOELWITTE

Die doelwitte van die studie is dus om te bepaal wat die inhoud van 'n lewensvaardighedsprogram behoort te wees om adolessente in milieu-geremde omgewings toe te rus om hulle situasie te hanteer. Die effek van so 'n program op adolessente in 'n milieu-geremde omgewing moet bepaal word sodat effektiewe gevolgtrekkings en aanbevelings vir verdere intervensie gemaak kan word.

METODE

Navorsingsontwerp

Die kwantitatiewe studie maak gebruik van 'n twee-groep voor-en na toetsing ontwerp. Hierdie ontwerp is 'n voorbeeld van die ware eksperimentele ontwerp (Baker, 1999).

Deelnemers

Vir die verkryging van die deelnemers is daar gebruik gemaak van 'n beskikbaarheidsteekproef en deelname het op 'n vrywillige basis geskied. Vier-en-twintig manlike en vroulike swart adolessente tussen die ouderdom van 15 en 17 jaar, het deelgeneem. Hulle is ewekansig aan die eksperimentele- en kontrolegroepe toegewys (twaalf aan elke groep).

Die deelnemers is almal leerlinge by Boschpoort Gekombineerde Skool wat in 'n milieu-geremde omgewing geleë is. Die kinders ontvang onderrig in Engels, maar is hoofsaaklik Setswana-sprekend. Alhoewel die kinders van verskillende plase afkomstig is, stem hul omstandighede en eise vanaf die omgewing ooreen.

Meetinstrumente

Die meetinstrumente wat in hierdie studie gebruik was, word vervolgens beskryf:

Affektometer (AFM) (Kammann & Flett, 1983)

Die AFM is 'n 20-item vraelys wat ontwerp is om algemene geluk of 'n algemene gevoel van welsyn te meet en is gebaseer op die balans van positiewe en negatiewe gevoelens wat onlangs ervaar is. Psigologiese welsyn word hier op 'n emosionele of affektiewe vlak gemeet. Die oorhoofse vlak van welsyn word gekonseptualiseer as die mate waarin positiewe gevoelens negatiewe gevoelens oorheers (Kammann & Flett, 1983).

Kammann en Flett (1983) rapporteer hoë betroubaarheid en geldigheidsaanduidings vir die AFM. Volgens die outeurs is 'n Cronbach alfa indeks van 0.95 verkry. Wissing *et al.* (1999) bevind in 'n Suid-Afrikaanse studie met Setswana-sprekende persone dat die AFM geldige metings verskaf met betroubaarhede van 0.68 tot 0.90. In die huidige studie wissel die betroubaarhede tussen 0.56 tot 0.75.

Lewenstevredenheidsvraelys (SWLS) (Diener, Emmons, Larsen & Griffin, 1985)

Die SWLS-skaal is 'n 5-item selfrapporteringsvraelys wat globale lewenstevredenheid meet. Die respondente maak gebruik van hul eie subjektiewe kriteria en evalueer hul lewenskwaliteit op 'n kognitiewe vlak. Persone se lewenskwaliteit word dus geëvalueer in terme van hul eie standaard en volgens hul eie huidige lewensituasie.

Hierdie skaal is in verskeie studies oor 'n tydsperiode betroubaar en geldig gevind. In 'n ondersoek wat gedoen is met 'n Suid-Afrikaanse populasie rapporteer Wissing en Du Toit (1994) 'n Cronbach alfa indeks van 0.85. Van Eeden (1996) vind bevredigende betroubaarheid en geldigheid in 'n studie met 'n multikulturele Suid-Afrikaanse steekproef. In 'n studie met Setswana-sprekende persone bevind Wissing *et al.* (1999) ook dat die SWLS geldige meetings verskaf. In die huidige studie is 'n betroubaarheid van 0.49 verkry.

Coping Responses Inventory – Youth Form (CRI-Y) (Moos, 1993)

Die CRI-Y is 'n 48-itemvraelys en bestaan uit agt verskillende subskale. Die eerste stel van vier skale meet benaderingscoping en die tweede stel van vier skale meet vermydingscoping. Die eerste twee skale in elke stel meet kognitiewe copingstrategieë en die derde en vierde skale in elke stel meet gedragscopingstrategieë. Die verskillende subskale is: Logiese Analise/Logical Analysis (LA), Positiewe Herdefiniëring/Positive Reappraisal (PR), Soeke na

Rigting en Ondersteuning/Seeking Guidance and Support (SG), Probleemoplossing/Problem Solving (PS), Kognitiewe Vermydning/Cognitive Avoidance (CA), Aanvaarding/Gelatenheid/Acceptance or Resignation (AR), Soeke na Alternatiewe Beloning/Seeking Alternative Rewards (SR), en Emosionele Ontlading/Emotional Discharge (ED).

Moos (1993) dui na aanleiding van verskeie ondersoekte aan dat die CRI-Y oor goeie geldigheid beskik. Die betroubaarheid in hierdie studie wissel vanaf 'n baie lae betroubaarheid (0.07) tot 'n hoë betroubaarheid (0.73). Die skale met 'n lae betroubaarheid moet versigtig hanteer word en daar sal slegs van tendense gepraat word.

Tennessee Self Konsep Skaal (TSCS-2) (Fitts & Warren, 1996)

Die Tennessee Selfkonsep skaal (TSCS) was oorspronklik ontwerp na aanleiding van 'n behoefte vir 'n skaal wat eenvoudig is, wye toepassingsmoontlikhede bied en multidimensioneel is in die beskrywing van selfkonsep. Die vraelys bestaan uit 76 self-beskrywende stellings wat die individu toelaat om hom- of haarself te beskryf deur gebruik te maak van vyf respons kategorieë.

Die subskale van die TSCS bestaan uit die twee opsommende tellings: Totale Self-konsep en Konflik, en die ses Self-konsep skale: Fisies/Physical (Phy), Moreel/ Moral (Mor), Persoonlik/Personal (Per), Familie/Family (Fam), Sosiaal/Social (Soc), Akademies/werk / Academic/work (Aca). Die supplementêre tellings is Identiteit/Identity (Ind), Satisfaksie/Satisfaction (Sat) en Gedrag/Behavior (Bh).

In die huidige studie word 'n Cronbach alfa van 0.71 vir die totale skaal verkry. Sommige subskale het wel 'n lae betroubaarheid en sal dus met versigtigheid hanteer word.

PROSEDURE

Toestemming is eers verkry vanaf die skoolhoof van 'n skool in 'n milieu-geremde omgewing in die Noordwes-provinsie, naamlik Boschpoort Gekombineerde Skool. 'n Beskikbaarheidsteekproef is gebruik. 'n Eksperimentele groep (n=12) en 'n kontrole groep (n=12) is saamgestel. Nadat ingeligte toestemming van die deelnemers se ouers/voogde verkry is, is die AFM, SWLS, CRI-Y en TSCS vraelyste deur die geïdentifiseerde deelnemers voltooi. Daar is seker gemaak dat elke respondent die toetsprosedure en instruksies verstaan. Alhoewel die vraelyste in Engels voltooi is, was daar 'n opgeleide persoon teenwoordig wat verseker het dat die Setswana-sprekende deelnemers die vrae verstaan.

Die behoeftes van die kinders in die milieu-geremde omgewing is geïdentifiseer na aanleiding van 'n literatuurstudie, gesprekke met leerders in milieu-geremde omgewings asook in-diepte onderhoude met die onderwysers van Boschpoort Gekombineerde skool en Werda plaasskool wat in die spesifieke omgewing geleë is. Met die behoeftes in gedagte, is 'n lewensvaardigheidsprogram ontwikkel en aangebied vir die eksperimentele groep. Die kontrolegroep het geen intervensie ontvang nie. Die program het uit agt sessies, van twee uur elk, bestaan en is in 'n vier dag werkswinkel formaat aangebied.

Die voor-toetsing het 5 maande voor die aanbieding van die program plaasgevind. Na afloop van die program het 'n tydperk van 30 dae geskied voor na-toetsing van beide die eksperimentele- en kontrolegroepe plaasgevind het. Gedurende die na-toetsing is daar van die deelnemers verwag om weer die AFM, SWLS, CRI-Y en TSCS te voltooi om sodoende die effek van 'n lewensvaardigheidsprogram op milieu-geremde adolessente te bepaal.

LEWENSWAARDIGHEIDSPROGRAM

Hierdie program is aangebied tydens die Junie vakansie 2006 in die vorm van 'n werkswinkel, wat oor 'n tydperk van 4 dae gestrek het. Daar is dus twee sessies per dag aangebied, wat geskei is deur 'n middagete wat deur die fasiliteerder verskaf is. Die program is op Boschpoort Gekombineerde Skool se terrein aangebied en daar is vervoer verskaf aan lede wat nie op direkte omliggende plase woonagtig was nie. Elke lid het 'n werkboek ontvang. Tydens die program is sekere aanpassings gemaak na aanleiding van die lede se behoeftes en vermoëns, om te verseker dat elke lid maksimum voordeel trek uit die geleentheid.

Lewensvaardighede dra by tot 'n adolessent se psigologiese welstand en is noodsaaklik vir hul vordering op die pad na selfaktualisering. Aangesien die deelnemers aan die program minimale blootstelling kry om hul vaardighede te verbeter, as gevolg van hul beperkende milieu, is lewensvaardighede as multidimensionele konstruk gedefinieer. Na aanleiding van 'n literatuurstudie en onderhoude met leerders en onderwysers is die volgende dimensies binne hierdie konstruk aangespreek: selfbewustheid, selfbeeld, kommunikasie, konflikthantering, assertiwiteit en probleemoplossing. Alhoewel al hierdie konsepte in 'n mate bekend was aan die lede, moes hulle dit met behulp van herhaling vaslê om te verseker dat dit deel raak van hul daaglikse funksionering. Aangesien die portuurgroep in 'n adolessent se verwysingsraamwerk van primêre belang is, is groepswerk nuttig gebruik om lede se vaardighede te bou. Positiewe terugvoer vanaf die lede aan mekaar is dus deurlopend aangemoedig.

Na afloop van elke sessie, het lede 'n evalueringsvorm ingevul met die doel om te verseker dat die fasiliteerder die lede se behoeftes en voorkeure ten alle tye voorop stel.

Sessie 1: Inleiding en Oriëntering

Die rasionaal van die eerste sessie was om die doelwit van die program bekend

te stel en die lede te oriënteer ten opsigte van die prosedure en inhoud van die program (Jacobs *et al.*, 2002). 'n Ysbreker is aangebied met die doel om groepslede gemaklik en bekend te maak met die ander lede en die fasiliteerder. 'n Oefening is gedoen om direkte interaksie tussen die lede aan te moedig en sodoende is kontak met mekaar op 'n nie-bedreigende wyse bewerkstellig. Daar is 'n foto van elke lid geneem, wat voor op hul werksboeke geplak is. Die lede was verantwoordelik vir die daarstelling van groepsreëls en elke groepslid het 'n werksboek ontvang, wat hy/sy na elke sessie toe moes bring.

Sessie 2: Selfbewustheid

Identiteit verwys na die individu se bewustheid van hom- of haarself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n bepaalde plek in die samelewing. Hoewel identiteitsontwikkeling reeds tydens die babajare begin en tot aan die einde van die lewensiklus voortduur, is adolessensie die tydperk in die lewensiklus waartydens die grootste mate van identiteitsontwikkeling plaasvind en wel as gevolg van ingrypende fisieke, seksuele, sosiale, kognitiewe en morele ontwikkeling. Hierdie ontwikkelings bring veranderinge mee wat jong adolessente se sekerheid oor wie hulle is en hulle gevoel van eenheid bedreig (Lewis, 2005). Indien adolessente egter bewus gemaak word van wie hulle is en van die impak wat hulle op ander het, verkry hulle 'n gevoel van verbondenheid wat hulle help in die soeke na 'n eie unieke identiteit. Selfbewustheid verskaf dus 'n sin aan rigting, balans en welstand (Wissing *et al.*, 1997).

Hierdie sessie het uit twee aktiwiteite bestaan: Die eerste aktiwiteit het 'n rit op 'n oop jeep ingesluit op Shingalana wildsplaas, waar die volgende diere besigtig is: leeus, luiperds, rooibokke, koedoes, kameelperde, springbokke, elande, gemsbokke, buffels, renosters ensovoorts. Na afloop van die rit, het elke lid 'n dier gekies waarmee hy/sy kon identifiseer. Die lede het die spesifieke dier in hulle werkboeke geteken, asook geassosieerde sterk- en swakpunte, wat hulle met hul eie individuele karaktereenskappe verbind het. Selfbewustheid is verhoog deur identifisering met 'n spesifieke dier, asook deur die terugvoer van

mede-groepslede.

Tydens die tweede aktiwiteit was elke lid verantwoordelik vir die maak van 'n collage met die doel om hom- of haarself binne sy of haar unieke wêreld uit te beeld. Die lede is na afloop van hulle ontwerpe in kleiner groepies verdeel, sodat elkeen 'n optimale geleentheid kon kry om sy of haar collage te verduidelik. Selfbewustheid is verhoog deur elke lid 'n kans te gee om sy of haar collage met ander lede te deel en positiewe terugvoer te ontvang. Lede is sodoende bewus gemaak van die feit dat elke individu uniek is en dat die nodige respek daarvoor bewys moet word.

Sessie 3: Selfbeeld

Hierdie sessie is 'n verlengstuk van die vorige sessie, aangesien adolessente se identiteitsontwikkeling 'n invloed op hulle selfkonsep en selfbeeld uitoefen. Namate hulle identiteite ontwikkel, sal hulle sienings van hulself dus diensooreenkomstig verander (Verkuyten, 2005). 'n Individu se vlak van selfbeeld verwys na sy/haar belewing van eie-waarde binne die spesifieke konteks waarin die persoon hom- of haarself bevind (Kernis, 2005). Dit is van kardinale belang dat adolessente 'n positiewe en realistiese selfbeeld het, sodat hulle toepaslik kan optree en vorentoe kan beweeg op die pad van selfaktualisering (Umaria-Taylor, 2004).

Hierdie sessie het uit vier aktiwiteite bestaan: Die lede moes eerstens die vorm in hul werkboeke invul wat 'n lys van al hulle positiewe eienskappe vereis. Hulle kognisies en sintuie is ingespan om hul sodoende bewus te maak van die dinge van hulself waarvan hulle hou. Deur 'n ouditiewe en visuele voorstelling daarvan, is selfbeeld op 'n onbewuste vlak verhoog.

Volgens Adams en Berzonsky (2003) het adolessente 'n dringende behoefte om te behoort en daarom het die tweede aktiwiteit hierdie aspek aangespreek: Die groepslede moes positiewe boodskappe aan mekaar skryf, waarin hulle te kenne gee wat hulle waardeer en waarvan hulle in mekaar hou. Na afloop van hierdie oefening kon elke lid sy of haar koevert met al die positiewe dinge rakende die

self, neem om dit te bewaar. Selfbeeld word dus verhoog deur die stuur en ontvang van komplimente deur die eie portuurgroep.

Tydens die derde aktiwiteit het die groepslede elkeen 'n T-hemp geverf waar hulle 'publieke self' en 'privaat self' uitgebeeld is. Sodoende kon lede aspekte van hul eie persoonlikheid identifiseer wat soms nie op die voorgrond is nie. Insig is bewerkstellig in hul eie optrede, deur die spesifieke onderskeid te tref. Weereens kon die selfbeeld verhoog word deur positiewe terugvoer vanaf die ander lede. 'n Sin van behoort is verkry deur selfopenbaring.

Die laaste aktiwiteit het gepoog om al die dele van die self, te integreer, hetsy positief of negatief. Die lede het 'boosters' en 'busters' van hul eie selfbeeld ingevul en het sodoende optredes en gedagtes geïdentifiseer wat hulle selfbeeld moontlik kan beïnvloed. 'n Bespreking is gehou, sodat lede geleentheid kon kry om 'n wysiging van hul gedrag en kennisies te verbaliseer. Sodoende is die belangrikheid van 'n aktiewe poging gedemonstreer waar adolessente self hul selfbeeld deurlopend kan versterk.

Sessie 4: Kommunikasie

Kommunikasie is die uitruil van idees, opinies en informasie deur middel van geskrewe of gesproke woorde, simbole of aksies. Dit behels die stuur en ontvang van boodskappe tussen een of meer persone. Hierdie boodskappe kan verbaal of nie-verbaal wees en gaan gewoonlik gepaard met liggaamstaal wat die spesifieke boodskap bevestig of weerspreek (Coon, 2003). Sosiale interaksie is 'n baie belangrike faktor in die adolessent se kognitiewe en sosiale ontwikkeling. Dit is 'n noodsaaklike vaardigheid om die eise wat die alledaagse lewe bied, te hanteer (Adams & Berzonsky, 2003).

Hierdie sessie het uit vier verskillende aktiwiteite bestaan: Die doel van die eerste aktiwiteit, "*the music box*", was om 'n basiese begrip te vorm oor die proses van interpersoonlike kommunikasie. Die rasionaal van hierdie oefening was dus om insig te bewerkstellig oor verskillende aspekte van kommunikasie deur onderwerpe wat verband hou met kommunikasie, uit te beeld en te

demonstreer.

Die tweede aktiwiteit het gepoog om die lede bewus te maak van hul eie verbale en nie-verbale manier van kommunikeer. Volgens Lewis (2005) is terugvoer vanaf 'n adolessent se eie portuurgroep van baie waarde en daarom het die lede aan mekaar eerlike, maar positiewe terugvoer gegee rakende elkeen se unieke manier van kommunikeer. Daar is ook geleentheid gegun om op die terugvoer te reageer, sodat sekere aanpassings gemaak kon word, indien nodig.

Nou dat lede bewus gemaak is van hul eie kommunikasie style, beklemtoon aktiwiteit drie die belangrikheid van nie-verbale kommunikasie. Deur middel van 'n bordspel, "30 seconds" wat aangepas is om die spesifieke kultuurgroep en ouderdomsgroep se verwysingsraamwerk te akkomodeer, het lede die belangrikheid van nie-verbale kommunikasie en liggaamstaal beleef.

Die sessie is afgesluit met 'n humoristiese speletjie naamlik, Bostelegraaf, waar lede in 'n ketting-formaat 'n spesifieke boodskap in mekaar se ore moes fluister. Die belangrikheid van duidelik en direkte kommunikasie is sodoende gedemonstreer.

Die rasionaal agter elke aktiwiteit of speletjie is deurlopend gefasiliteer en met behulp van al die lede se insette, kon die belangrikheid van effektiewe kommunikasie begryp word en het al die lede die geleentheid gekry om sy/haar kommunikasievaardighede te verbeter.

Sessie 5: Konflikhantering

Konflik in interpersoonlike verhoudings is onafwendbaar, aangesien mense verskillende opinies, behoeftes, sienings en gevoelens het. Adolessente se emosionele belewenisse is 'n komplekse interaksie tussen pubertale en sosiale invloede, wat die adolessente meer vatbaar maak vir 'n konfliktsituasie (Adams & Berzonsky, 2003). Hierdie tydperk word gekenmerk deur 'n strewe na outonomie en indien ouers nie hierdie strewe in ag neem nie kan konflik

ontstaan (Louw *et al.*, 1998). Adolessente is dikwels geneig om van die moontlike na die werklike te redeneer. Dit impliseer dat hulle die moontlike met die werklike vergelyk. Hierdie kognitiewe vermoë maak hulle bewus van inkonsekwentheid tussen die waardes van volwassenes en hulle werklike gedrag. Dit lei tot argumente en konflik (Louw *et al.*, 1998). Aangesien konflik 'n inherente deel uitmaak van 'n adolescent se lewe, is die effektiewe hantering daarvan van kardinale belang.

Die sessie het uit drie aktiwiteite bestaan: Tydens die eerste sessie moes elke lid 'n persoonlike konflik op 'n stukkie papier neerskryf, waarna dit in die groep geroteer is. Lede was verantwoordelik vir die uitruil van idees en oplossings. Sodoende is lede bewus gemaak dat daar verskillende maniere is om 'n konflik-situasie te hanteer. Verskillende maniere en strategieë om 'n konflik-situasie op te los, word verduidelik op 'n konkrete wyse deur spesifieke diere aan 'n spesifieke styl te koppel (skilpad = onttrek; haai = forseer; teddiebeer = vlei/paai; jakkals = skik en uil = onderhandel). Lede moes hulself met een van bogenoemde diere identifiseer. Rollespel is gebruik om die effek wat die verskillende style in 'n konflik-situasie het te demonstreer, aangesien die visuele uitbeelding die situasie prakties en realisties maak en die lede direk betrek. 'n Bespreking het gevolg waar lede kon bespiegel oor hoe hulle in die vervolg eerder konflik kan hanteer.

'n Tweede aktiwiteit is aangebied om verdere riglyne vir die effektiewe hantering van konflik te gee. Die lede het 'n speletjie gespeel waar die wen-wen konsep na vore gekom het. Daar is weereens deur middel van rollespel gedemonstreer hoe die riglyne ("talk it out"; "ignore it"; "get help") aanleiding gee tot 'n wen-wen benadering.

Tydens die derde aktiwiteit het die lede geleer wat empatie is en wat 'n belangrike rol dit speel tydens die effektiewe hantering van konflik. Lede moes ter afsluiting 'n hersieningsblad in hul werkboeke voltooi.

Sessie 6: Assertiwiteit

Assertiwiteit behels die direkte, eerlike en geskikte uitdrukking van opinies, oortuigings, behoeftes en gevoelens op 'n wyse wat nie die regte en sienings van ander negatief affekteer nie. Assertiwiteit is 'n manier waarop ons respek aan onself bewys deur te verhoed dat ander mense ons benadeel, terwyl ons steeds erkenning gee aan ander se behoeftes. Assertiwiteit verskaf 'n gevoel van interne kontrole en versterk ons selfbeeld en selfvertroue (Coon, 2003). Assertiwiteit is 'n waardevolle vaardigheid vir die adolessent wat steeds onseker is oor sy/haar identiteit. Dit is veral belangrik tydens hierdie fase, aangesien portuurgroepverhoudings gedurende adolessensie gekenmerk word deur 'n toename in konformiteit. Adolessente is baie sensitief vir die goedkeuring van die portuurgroep en konformeer dus om aanvaar te word (Louw et al., 1998). Die aanleer van assertiwiteit is dus nuttig vir die jongmens wat in die proses is om sy/haar oortuigings uit te sorteer en dit help die adolessent om sterk te staan in dit waaraan hy/sy glo (Wissing et al., 1997).

Hierdie sessie het drie aktiwiteite behels: Die eerste aktiwiteit het gefokus op die definisie van assertiwiteit, aangesien alle adolessente nie bekend is met hierdie term nie. Die lede is bewus gemaak van die belangrikheid van assertiwiteit in hul alledaagse lewens. Assertiwe regte van 'n individu, asook hindernisse met betrekking tot assertiwiteit is aan die lede voorgehou.

Die tweede aktiwiteit het die verskil tussen nie-assertiewe-, assertiewe- en aggressiewe gedrag uitgewys, deur praktiese voorbeelde wat ooreenstem met lede se verwysingsraamwerk.

Tydens die derde aktiwiteit het lede die geleentheid gekry om assertiewe gedrag te beoefen, sodat hulle dit in hul alledaagse lewens kan aanwend en sodoende hul selfvertroue verhoog wat 'n direkte uitwerking het op interpersoonlike verhoudinge en psigologiese welstand.

Sessie 7: Produktiewe probleemoplossing

Probleme is universeel, aangesien byna almal daaglik met probleme gekonfronteer word (Coon, 2003). Produktiewe oplossing van probleme is dus 'n noodsaaklike vaardigheid, veral vir die adolessent wat gekonfronteer word met 'n verskeidenheid aanpassings en veranderings, wat spesifieke probleme tot gevolg mag hê (Adams & Berzonsky, 2003). Indien adolessente leer om probleme effektief en doeltreffend op te los, kan dit lei tot 'n geleentheid vir groei en ontwikkeling.

Hierdie sessie is spandeer aan die stappe in produktiewe probleemoplossing. Lede is betrek deur rollespel, groepwerk, speletjies, besprekings en terugvoer. Daar is veral klem geplaas op die belangrikheid wat dinkskrum in die proses speel, sodat lede kan leer om meervuldige opsies te genereer tydens die oplos en hantering van 'n spesifieke probleem. Die eerste aktiwiteit het juis hierdie belangrike proses gefassiliteer: Die reëls van 'n dinkskrum is aan die lede voorgehou en hulle het in kleiner groepies geleentheid gekry om die wyse waarop so dinkskrum werk, self te ervaar en te beoefen. Daarna het die lede in hul klein groepies 'n speletjie gespeel, waar hulle vuurhoutjies op 'n spesifieke manier moes organiseer. Die doel van hierdie spel was om lede te help om kreatief te dink, aangesien kreatiwiteit noodsaaklik is om vars en effektiewe oplossings te vind, selfs vir klein, alledaagse probleme.

Tydens die tweede aktiwiteit is al die stappe van probleemoplossing volledig verduidelik. Die kleiner groepe het elk 'n gevallestudie van 'n probleemsituasie ontvang en moes deur gebruik te maak van die stappe, die probleem oplos en dit aan die res van die groep voorhou. Ten slotte is daar 'n twintig minute periode toegelaat waar elke lid individueel na 'n huidige probleem in sy/haar lewe kon kyk. Terwyl hul die stappe op die spesifieke probleem toepas, was die fasiliteerder deurlopend beskikbaar vir enige hulp of kommentaar.

Sessie 8: Afsluiting

Die doel van die laaste sessie was om al die belangrike konsepte wat deurlopend na vore gekom het, tydens die program, saam te vat. Daar is geleentheid voorsien om enige onafgehandelde sake wat lede moontlik kon ervaar, te hanteer. Lede se ervarings is geëvalueer en terugvoer is aan lede, sowel as aan die fasiliteerder gegee (Jacobs *et al.*, 2002). Die program is opgesom en lede is aangemoedig om insette te lewer.

Elke lid het 'n sertifikaat ontvang as bewys van deelname in die lewensvaardigheidsprogram.

ETIESE ASPEKTE

Etiese toestemming is verkry vir die groter projek, FLAGH (Farm Labour, Agriculture and General Health), deur die etiese komitee van die Noord-Wes Universiteit, Potchefstroom kampus (toestemmingsnommer: 01M04). Ingeligte toestemming is vanaf die betrokke skoolhoof verkry, asook vanaf alle voornemende deelnemers en hul ouers/voogde. Alle inligting is anoniem en konfidensieel hanteer. Deelnemers het die reg gehad om antwoorde te weier op enige vrae waarteen hulle beswaar het, asook om ter enige tyd van die studie te onttrek. Goeie samewerking is oor die algemeen gevind, maar as gevolg van ekstreme weersomstandighede was alle lede nie teenwoordig tydens die na-toetsing nie. Daar is gebruik gemaak van 'n interpreteerder (tolk), om te verseker dat deelnemers verstaan en sodat hul in die taal van hul keuse kon reageer.

Terugvoer met betrekking tot die resultate is beskikbaar, indien dit aangevra word. Na afloop van die studie sal die kontrolegroep op versoek ook aan die program kan deelneem.

STATISTIESE BEREKENINGE

Die SAS/STAT System for Windows (SAS Institute Inc, 1999) sowel as STATISTICA was gebruik vir die statistiese analise. Die betroubaarheid koëffisiënte van die meetinstrumente is bepaal deur gebruik te maak van Cronbach alfa's. 'n ANOVA- sowel as 'n Mann Whitney toets is gebruik om te bepaal of daar enige statistiese betekenisvolle verskille tussen die eksperimentele- en kontrolegroep was voor intervensie plaasgevind het. Betekenisvolheid van verskille binne die groepe is bereken deur die gepaarde t-toets, asook ook die nie-parametriese Wilcoxon Signed Rank Test. 'n ANCOVA op die natoetstellings waar gekorrigeer is vir verskille in voortoetstellings is gebruik om verskille tussen eksperimentele- en kontrolegroepe na afloop van die program te vergelyk. 'n Mann Whitney toets op die verskille tussen die voor- en na-toetsing vir die verskillende groepe is gebruik om die resultate van die ANCOVA te bevestig.

Statistiese betekenisvolheid impliseer nie noodwendig dat die resultate prakties betekenisvol is in die praktyk nie, daarom is Cohen (1988) se effekgroottes gebruik om praktiese betekenisvolheid te bepaal. Effekgroottes van ($d \geq 0.5$) is beskou as 'n neiging tot praktiese betekenisvolheid, terwyl 'n groot effekgrootte van ($d \geq 0.8$) prakties betekenisvolle verskille impliseer (Cohen, 1988). By nie-parametriese toetse is Field (2005) se metode gebruik om prakties betekenisvolheid te bepaal. Waardes van ($r \geq 0.3$) is beskou as 'n neiging tot praktiese betekenisvolheid, terwyl 'n groot effekgrootte van ($r \geq 0.5$) prakties betekenisvolle verskille impliseer

RESULTATE

In Tabel 1 sal die betekenisvolheid van die verskille tussen die eksperimentele- en kontrolegroepe aangedui word, soos bereken voordat intervensie plaasgevind het.

Tabel 1 – Verskille tussen die eksperimentele- en kontrolegroep voor intervensie (n=17)

VA	<i>KONTROLE</i> (n=6)		<i>EKSPERIMENTEEL</i> (n=11)		T	P	<i>MANN WHITNEY</i> p-waarde
	Gem.	s.a.	Gem.	s.a.			
AFM_pa	39.19	7.92	39.97	3.35	-0.29	0.78	0.51
AFM_na	27.00	5.33	30.79	8.24	-1.01	0.33	0.29
AFM_pnb	12.19	9.19	9.18	6.78	0.77	0.45	0.51
SWLS	29.17	4.54	28.36	4.23	0.37	0.72	0.62
CRI_LA	8.00	3.03	8.55	2.62	-0.39	0.70	0.65
CRI_PR	11.00	3.63	10.45	3.64	0.30	0.77	0.88
CRI_SG	8.50	4.59	9.45	4.18	-0.44	0.67	0.25
CRI_PS	9.50	4.14	9.00	4.29	0.23	0.82	0.92
CRI_CA	8.83	3.87	9.55	4.44	-0.33	0.75	0.84
CRI_AR	6.50	1.52	9.09	2.43	-2.36	0.03	0.03*
CRI_SR	11.17	4.92	11.00	3.55	0.08	0.94	0.92
CRI_ED	8.17	3.37	8.18	2.96	-0.01	0.99	0.76
SC	23.67	3.14	28.00	6.37	-1.55	0.14	0.07
IND	69.33	6.41	65.73	6.74	1.07	0.30	0.25
SAT	56.33	3.78	55.27	5.59	0.41	0.69	0.84
BHV	75.50	4.93	69.82	9.60	1.34	0.20	0.09
PHY	42.17	5.12	39.91	3.81	1.04	0.32	0.29
MOR	31.33	3.93	30.82	3.34	0.29	0.78	0.69
PER	39.17	2.99	36.91	5.52	0.92	0.37	0.51
FAM	40.33	3.08	38.73	4.45	0.78	0.45	0.23
SOC	48.17	6.34	44.45	6.14	1.11	0.29	0.23
ACA	34.83	5.19	34.27	5.29	0.21	0.84	0.62
TOT	236.00	12.51	225.09	21.08	1.15	0.27	0.23

Note: *: AFM_pa: Affektometer positiewe affek; AFM_na: Affektometer negatiewe affek; AFM_pnb: Affektometer positiewe, negatiewe balans; SWLS: Lewenstevredenheid skaal; CRI: Hanteringsrespons inventaris; LA: Logiese Analise; PR: Positiewe Herdefiniëring; SG: Soeke na rigting en ondersteuning; PS: Probleemoplossing; CA: Kognitiewe vermyding; AR: Aanvaarding/Gelatenheid; SR: Soeke na alternatiewe beloning; ED: Emosionele ontlasting; SC: Konflik; IND: Individu; SAT: Satisfaksie;

BHV: Optrede; **PHY:** Fisiese Self; **MOR:** Morele Self; **PER:** Persoonlike self; **FAM:** Familie; **SOC:** Sosiale Self; **ACA:** Akademiese Self; **TOT:** Totale selfkonsep.

Uit Tabel 1 blyk dit dat die twee groepe tot 'n groot mate vergelykbaar is. Die eksperimentele- en kontrolegroep het egter statisties betekenisvol verskil wat betref die CRI_AR skaal (Aanvaarding/Gelatenheid). Die effekgrootte (Cohen se $d = 1.07$) dui daarop dat die eksperimentele groep in die praktyk meer gelatenheid en aanvaarding ten opsigte van hul omstandighede getoon het as die kontrole groep.

In Tabel 2 sal die verskille tussen die voor- en na- toetstellings van die eksperimentele groep aangedui word.

Tabel 2 – Voor- en na verskille van die eksperimentele groep (n=11)

VA	VOOR		NA		T-TOETS	WILCOXON		R
	Gem.	s.a.	Gem.	s.a.	P	P	D	
AFM_pa	39.97	3.35	43.67	5.60	0.04	0.03	0.66*	0.45**
AFM_na	30.79	8.24	29.12	8.11	0.62	0.88	0.20	0.03
AFM_pnb	9.18	6.78	14.55	10.13	0.15	0.20	0.53*	0.27*
SWLS	28.36	4.23	26.82	4.49	0.34	0.34	0.34	0.07
CRI_LA	8.55	2.62	9.45	4.16	0.41	0.44	0.22	0.09
CRI_PR	10.45	3.64	10.27	3.50	0.91	1.00	0.05	0.00
CRI_SG	9.45	4.18	10.36	3.93	0.54	0.51	0.22	0.14
CRI_PS	9.00	4.29	10.91	3.33	0.24	0.23	0.45	0.26
CRI_CA	9.55	4.44	10.55	3.36	0.55	0.33	0.23	0.21
CRI_AR	9.09	2.43	8.36	2.91	0.43	0.26	0.25	0.24
CRI_SR	11.00	3.55	10.00	3.35	0.50	0.41	0.28	0.18
CRI_ED	8.18	2.96	8.64	3.17	0.72	0.66	0.14	0.09
SC	28.00	6.37	25.45	5.24	0.17	0.17	0.40	0.29
IND	65.73	6.74	72.64	10.58	0.04	0.08	0.65*	0.38*
SAT	55.27	5.59	59.36	6.96	0.04	0.06	0.59*	0.40*
BHV	69.82	9.60	71.45	11.05	0.60	0.65	0.15	0.10
PHY	39.91	3.81	43.18	5.93	0.03	0.02	0.55*	0.48**
MOR	30.82	3.34	32.45	2.66	0.21	0.19	0.49	0.28
PER	36.91	5.52	42.36	5.90	0.00	0.01	0.92**	0.59**
FAM	38.73	4.45	38.82	4.92	0.95	0.95	0.02	0.01
SOC	44.45	6.74	46.64	7.24	0.13	0.15	0.30	0.30
ACA	34.27	5.29	34.64	5.61	0.78	0.59	0.06	0.11
TOT	225.1	21.08	238.09	25.87	0.02	0.02	0.50*	0.49**

Note: *: AFM_pa: Affektometer_positiewe affek; AFM_na: Affektometer_negatiewe affek; AFM_pnb: Affektometer_positiewe, negatiewe balans; SWLS: Lewenstevredenheid skaal; CRI: Hanteringsrespons inventaris; LA: Logiese Analise; PR: Positiewe Herdefiniëring; SG: Soeke na rigting en ondersteuning; PS: Probleemoplossing; CA: Kognitiewe vermyding; AR: Aanvaarding/Gelatenheid; SR: Soeke na alternatiewe beloning; ED: Emosionele ontlading; SC: Konflik; IND: Individu; SAT: Satisfaksie; BHV: Optrede; PHY: Fisiese Self; MOR: Morele Self; PER: Persoonlike self; FAM: Familie; SOC: Sosiale Self; ACA: Akademiese Self; TOT: Totale selfkonsep.

* medium effek ** groot effek

Uit Tabel 2 is dit duidelik dat die eksperimentele groep betekenisvol verbeter het op die Affektometer: AFM_pa het prakties betekenisvol verbeter ($d = 0.66$ en $r = 0.45$), asook AFM_pnb ($d = 0.53$ en $r = 0.27$)

Op die Tennessee Self- Concept Scale, het die volgende subskale prakties betekenisvol verbeter: Identiteit ($d = 0.65$ en $r = 0.38$), Satisfaksie ($d = 0.59$ en $r = 0.40$), Fisies ($d = 0.55$ en $r = 0.48$), Persoonlike Self ($d = 0.92$ en $r = 0.59$). Daar is ook 'n prakties betekenisvolle verbetering te bespeur in die totale selfkonsep skaal van die eksperimentele groep ($d = 0.50$ en $r = 0.49$). Die betroubaarheid van die bogenoemde skale, is egter laag en moet versigtig hanteer word. Daar bestaan wel tendense van verbetering, wat in die volgende afdeling bespreek word.

In Tabel 3 sal die verskille tussen die voor- en na- toetstellings van die kontrole groep aangedui word.

Tabel 3 - Voor- en na verskille van die kontrolegroep (n=6)

VA	VOOR		NA		T-TOETS	WILCOXON		
	Gem.	s.a.	Gem.	s.a.	P	P	D	R
AFM_pa	39.19	7.92	38.83	9.99	0.84	0.83	0.04	0.06
AFM_na	27.00	5.32	25.44	7.08	0.69	0.89	0.22	0.04
AFM_pnb	12.19	9.20	13.39	11.52	0.76	0.83	0.10	0.06
SWLS	29.17	4.54	28.17	2.71	0.64	0.60	0.22	0.15
CRI_LA	8.00	3.03	9.17	3.43	0.46	0.46	0.34	0.21
CRI_PR	11.00	3.63	10.33	3.14	0.76	0.75	0.18	0.09
CRI_SG	8.50	4.60	6.83	4.26	0.42	0.22	0.36	0.35
CRI_PS	9.50	4.14	10.83	2.32	0.35	0.35	0.32	0.27
CRI_CA	8.83	3.90	9.67	2.66	0.71	0.67	0.22	0.12
CRI_AR	6.50	1.52	9.17	2.14	0.03	0.04	1.25**	0.58**
CRI_SR	11.17	4.92	8.17	2.48	0.28	0.25	0.61	0.33
CRI_ED	8.17	3.37	9.50	1.52	0.36	0.35	0.40	0.27
SC	23.67	3.14	22.50	3.89	0.27	0.28	0.30	0.31
IND	69.33	6.41	72.83	8.91	0.24	0.25	0.39	0.33
SAT	56.33	3.78	60.67	3.27	0.03	0.04	1.15**	0.58**
BHV	75.50	4.93	77.33	6.19	0.54	0.75	0.30	0.09
PHY	42.17	5.12	46.50	4.04	0.01	0.03	0.85**	0.64**
MOR	31.33	3.93	32.83	2.48	0.09	0.11	0.38	0.46
PER	39.17	3.00	41.00	4.47	0.31	0.35	0.41	0.27
FAM	40.33	3.10	41.00	7.40	0.79	0.75	0.09	0.09
SOC	48.17	6.34	49.50	3.02	0.70	0.67	0.21	0.12
ACA	34.83	5.19	37.67	4.23	0.09	0.09	0.55	0.48
TOT	236.00	12.51	248.50	15.29	0.03	0.05	0.82**	0.57**

Note: *: AFM_pa: Affektometer_positiewe affek; AFM_na: Affektometer_negatiewe affek; AFM_pnb: Affektometer_positiewe, negatiewe balans; SWLS: Lewenstevredenheid skaal; CRI: Hanteringsrespons inventaris; LA: Logiese Analise; PR: Positiewe Herdefiniëring; SG: Soeke na rigting en ondersteuning; PS: Probleemoplossing; CA: Kognitiewe vermyding; AR: Aanvaarding/Gelatenheid; SR: Soeke na alternatiewe beloning; ED: Emosionele ontlading; SC: Konflik; IND: Individu; SAT: Satisfaksie; BHV: Optrede; PHY: Fisiese Self; MOR: Morele Self; PER: Persoonlike self; FAM: Familie; SOC: Sosiale

Self; ACA: Akademiese Self; TOT: Totale selfkonsep.

By die kontrole groep is daar geen betekenisvolle verbeterings op die Affektometer nie. Daar is egter wel betekenisvolle verbeterings op die Aanvaarding/Gelatenheid/Acceptance or Resignation (AR), subskaal van die Coping Responses Inventory – Youth Form. ($d = 1.25$ en $r = 0.58$). Die betroubaarheid van hierdie skaal is egter laag en die verbetering wat hier voorkom moet met versigtigheid hanteer word.

Op die Tennessee Self- Concept Scale, het die volgende subskale tendense van verbetering getoon: Satisfaction ($d = 1.15$ en $r = 0.58$), Physical ($d = 0.85$ en $r = 0.64$).

Daar is ook 'n prakties betekenisvolle verbetering te bespeur in die totale selfkonsep skaal van die kontrole groep ($d = 0.82$ en $r = 0.57$).

In Tabel 4 sal die betekenisvolheid van die verskille tussen die eksperimentele- en kontrolegroepe aangedui word, soos bereken nadat intervensie plaasgevind het.

Tabel 4 – Versille tussen die eksperimentele- en kontrolegroep na intervensie (n=17)

	Gem (E)	Gem (K)	MSE	ANCOVA	Mann-Whitney	D	R
AFM_pa	43.25	39.24	24.08	0.13	0.05	0.82**	0.34*
AFM_na	28.92	25.64	28.89	0.45	0.96	0.61*	0.05
AFM_pnb	15.26	12.67	10.68	0.63	0.51	0.73**	0.20
SWLS	26.91	28.07	28.77	0.58	0.65	-0.22	0.16
CRI_LA	9.27	9.36	8.27	0.96	0.96	-0.03	0.05
CRI_PR	10.24	10.37	10.73	0.94	0.84	-0.04	0.11
CRI_SG	10.20	7.00	8.98	0.13	0.39	1.07**	0.22
CRI_PS	10.96	10.79	9.25	0.91	0.96	0.06	0.05
CRI_CA	10.55	9.66	9.19	0.60	0.92	0.29	0.08
CRI_AR	7.70	9.83	7.80	0.18	0.02	-0.76**	0.36*
CRI_SR	10.00	8.17	11.08	0.28	0.48	0.54	0.20
CRI_ED	8.64	9.50	8.17	0.55	0.84	-0.30	0.11
SC	24.37	23.58	16.86	0.73	0.69	0.19	0.15
IND	74.05	71.42	79.38	0.58	0.51	0.29	0.20
SAT	59.73	60.30	25.48	0.83	0.69	-0.11	0.15
BHV	73.13	75.66	74.89	0.60	0.84	-0.29	0.11
PHY	44.22	45.46	14.27	0.54	0.45	-0.32	0.21
MOR	32.53	32.76	6.14	0.86	0.96	-0.09	0.05
PER	43.31	40.06	14.58	0.12	0.07	0.85	0.33*
FAM	39.39	40.43	27.98	0.71	0.61	-0.19	0.17
SOC	47.63	48.50	27.19	0.76	0.80	-0.17	0.12
ACA	34.84	37.47	13.90	0.19	0.24	-0.71**	0.26
TOT	243.39	243.20	209.23	0.98	0.76	0.01	0.13

Uit Tabel 4 blyk dit dat daar na die intervensie meer betekenisvolle verskille tussen die twee groepe is. Hierdie stelling word deur die resultate op die volgende skale bevestig: Op die Affektometer het die AFM_pa ($d=0.82$ en $r=0.34$); AFM_na ($d=0.61$) en AFM_pnb ($d=0.73$) verskil.

Op die Coping Response Inventory – Youth Form (CRI-Y) het die subskale wat ‘soeke na rigting en ondersteuning/Seeking guidance and support’ ($d = 1.07$) en ‘Aanvaarding/Gelatenheid / Acceptance/Rewards’ ($d = -0.76$ en $r = 0.36$) meet, betekenisvol verskil nadat intervensie plaasgevind het.

Op die Tennessee Self- Concept Scale, het die volgende subskale ‘n verandering getoon: Persoonlike Self ($d=0.85$ en $r=0.33$) en Akademies/Werk ($d= -0.71$).

BESPREKING

Vorster *et al.* (2000) het gevind dat swartmense in milieu-geremde omgewings in die Noordwes-provinsie ‘n laer kwaliteit lewe het in vergelyking met mense wat in nie-milieu geremde omgewings bly, as gevolg van die feit dat hul behoeftes en doelwitte nie verwesenlik word nie (Best, Cummins & Lo, 2000). Hierdie lae kwaliteit lewe, tesame met geografiese ontoereiktheid, gee aanleiding tot onbevredigende psigologiese behoeftes, veral wat adolessente in die milieu-geremde omgewings betref (Willison & Masson, 1990). Die adolessente voel vasgevang in hul situasie, aangesien hulle nie oor die kapasiteit beskik om beheer oor hul omstandighede uit te oefen nie (Elgar *et al.*, 2003). Stimulu vanaf die omgewing is uiters beperk as gevolg van finansiële tekorte, vervoerprobleme, elektroniese ontoeganklikheid, tegnologiese ongeletterdheid en ‘n lae opvoedingsvlak (Gaganakis, 2003).

Swart adolessente bevind hulself in ‘n veranderingsgeoriënteerde samelewing waarin vinnige tegnologiese en sosiale veranderinge aan die orde van die dag is, asook veranderinge ten opsigte van rolle, gedragsnorme en waardes vanweë die huidige politieke omstandighede (Pillay & Lockhat, 1997). Die hantering hiervan vereis spesifieke lewensvaardighede wat die adolessent in staat sal stel om tred te hou met die veranderings, aangesien lewensvaardighede ‘n persoon bemaagtig om hom/haarself te handhaaf in uitdagings. ‘n Aktiewe poging moet aangewend word om spesifieke lewensvaardighede by adolessente in milieu-geremde omgewings te vestig, aangesien die adolessente se lewensvaardighede gekompromiteer is deur hul omstandighede (Saraswathi, 1999).

Kraukamp (2004) is ook van mening dat lewensvaardighede die enigste manier is om algemene en psigologiese welstand van adolessente in milieu-geremde omgewings te bewerkstellig.

Die doel van hierdie navorsingsprojek was om sekere intervensies in milieu-geremde adolessente se lewens te maak deur hul lewensvaardighede te ontwikkel. Die eerste doelwit van die studie was om 'n lewensvaardighedsprogram te ontwikkel deur die gebruik van teorieë en hipoteses soos in die literatuur gevind. Na aanleiding van die literatuurstudie en onderhoude met leerders en onderwysers is die volgende dimensies in die program aangespreek: Selfbewustheid, selfbeeld en selfkonsep, kommunikasievaardighede, konflikhantering, assertiwiteit en produktiewe probleemoplossing.

Die tweede doelwit van die studie was om die effek van so 'n program op adolessente in 'n milieu-geremde omgewing se hanteringsvaardighede en psigologiese welstand, te bepaal. Uit die resultate het dit geblyk dat die program wel 'n positiewe uitwerking op die adolessente in hierdie omgewing gehad het. Alhoewel daar nie verbeterings te bespeur is op al die subskale van die verskillende meetinstrumente nie, is die verbeterings wat wel voorkom op hierdie stadium voldoende. Pillay en Lockhat (1997) noem dat adolessente in milieu-geremde omgewings ekstreme verwaarlosing beleef. Dit is dus nie realisties om te verwag dat 'n enkele ingreep, 'n totale verandering gaan meebring nie.

'n Studie gedoen deur Puskar *et al.* (1999) wys dat adolessente in milieu-geremde omgewings se algemene geluk en gevoelens van welsyn laer is in vergelyking met ander adolessente. Die program het dus deurlopend gepoog om die deelnemers se gevoel van welsyn te verhoog. Uit die resultate is dit duidelik dat die eksperimentele groep na afloop van die program 'n meer positiewe affek beleef. Hulle algemene gevoel van welsyn en geluk het ook prakties betekenisvol verbeter. Die kontrolegroep, wat nie blootgestel is aan die lewensvaardighedsprogram nie, het 'n afname in die ervaring van positiewe affek getoon. Alhoewel hierdie afname nie prakties betekenisvol is nie, is dit tog 'n bewys dat adolessente in milieu-geremde omgewings nie net stagneer nie, maar dat hulle algemene gevoel van welsyn met die verloop van tyd steeds afneem of wissel van dag tot dag. Die feit dat die eksperimentele groep se gevoel van geluk wel verbeter het, beklemtoon die

waarde van lewensvaardighede en aktiewe ingrepe in hierdie adolessente se lewens.

Volgens Fava en Ruini (2003) se hedonistiese benadering van welstand is die konsep van welstand gelykstaande aan die ervaring van positiewe en negatiewe emosies, sowel as tevredenheid in verskeie domeine van 'n persoon se lewe. Globale lewenstevredenheid word verkry deur die vervulling van 'n persoon se potensiaal deur 'n proses van selfaktualisering (Ryan & Deci, 2001). Die program het indirek gepoog om die deelnemers se lewenstevredenheid te verhoog deur hulle te bemagtig om die uitdagings en stressors van hul omgewing te hanteer. Uit die resultate blyk dit dat daar geen verandering in die algemene lewenstevredenheid van die deelnemers was nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat globale lewenstevredenheid 'n multidimensionele aspek is wat dus verskillende dimensies insluit (Ryff & Singer, 1998). Dit is dus nie realisties om na afloop van 'n enkele program, 'n verandering in globale lewenstevredenheid te verwag nie. Soos reeds gemeld is lewenstevredenheid en selfaktualisering 'n interafhanklike proses. Die bevindinge van die huidige studie, staaf dan ook Lockhat en Van Niekerk (2000) se siening dat die omstandighede waarmee adolessente in milieu-geremde omgewings daaglik gekonfronteer word, die proses van selfaktualisering belemmer en sodoende kan globale lewenstevredenheid nie ervaar word nie. Meervoudige insette moet dus in hierdie adolessente se lewens gemaak word, sodat hulle meer tevredenheid ten opsigte van hul eie lewens kan ervaar.

Volgens Frydenberg *et al.* (2004) word adolessensie gekenmerk deur uitdagings en meervoudige veranderings wat spesifieke hanteringsvaardighede vereis. Indien adolessente oor onvoldoende hanteringsvaardighede beskik om die uitdagings en veranderings te hanteer, kan adolessente met onbevredigende psigologiese welstand en depressie presenteer (Eyles & Bates, 2005). Uit die literatuur blyk dit dat adolessente in milieu-geremde omgewings se hanteringsvaardighede reeds gekompromiteer is as gevolg van minimale stimulu vanaf die omgewing (Adendoyin, 2000). Volgens Govender en Killian (2001) hanteer mense in milieu-geremde omgewings die eise vanaf hul omgewing dikwels deur gewelddadig en aggressief op te tree, aangesien hulle herhalend aan geweld blootgestel word. Die wyse waarop probleme, konflik en uitdagings hanteer word, is dus dikwels destruktief. Die afleiding kan gemaak word dat adolessente nie oor effektiewe

hanteringsvaardighede beskik nie, aangesien dit nie aan hulle gemodelleer word nie. Die lewensvaardighedsprogram het gepoog om die adolessente se hanteringsmeganismes te verbeter deurdat daar spesifiek gefokus is op probleemoplossing, konflikhantering, kommunikasievaardighede en assertiwiteit. Die eksperimentele groep het na afloop van hierdie program geen betekenisvolle veranderings getoon wat betref hulle hanteringsvaardighede, soos gemeet deur die Coping Response Inventory, nie. Hierdie resultaat dui moontlik op die feit dat die adolessente se huidige hantering van uitdagings en eise reeds 'n patroon gevestig het wat moeilik is om te verbreek. Die fase waarin die adolessente hulself tans bevind word egter gekenmerk deur 'n behoefte om die bande met hul ouers te verslap (Lewis, 2005). Aangesien adolessente begin eksperimenteer met verskillende idees en gedragpatrone, kan hulle wegbreek van die negatiewe patroon wat deur hul ouers gemodelleer word, mits hul voldoende blootstelling aan effektiewe hanteringsvaardighede kry.

Die kontrolegroep het tydens die na-toetsing 'n hoër telling op die subskaal, aanvaarding/gelatenheid van die CRI-Y skaal behaal. Dit impliseer egter 'n negatiewe houding jeens die neem van beheer in 'n individu se eie lewe wat moontlik 'n gebrek aan interne lokus van kontrole inhou.

Uit die literatuur blyk dit dat laat adolessensie gekenmerk behoort te word deur 'n stabiele sin van identiteit en dat 'n goed gevestigde selfbeeld noodsaaklik is vir goeie funksionering (Lewis, 2005). Die resultate van die voor-af toetsing soos in hierdie studie gevind, dui daarop dat die adolessente in 'n milieu-geremde omgewing 'n onder-gemiddelde selfkonsep het (gem = 236.00) met inagneming dat die 50ste persentiel vir die Tennessee Self-konsep Skaal tussen 256 en 260 is (Peens, 2004). Kraukamp (2004) is egter van mening dat die aanleer van lewensvaardighede gedurende die adolessensie tydperk 'n verhoging in selfkonsep meebring vanweë die gevoel van positiewe selfagting.

Die eerste deel van die program het dus op selfbewustheid en 'n positiewe selfbeeld gefokus. Uit die resultate wys die eksperimentele groep tendense van verbetering op die identiteit- en persoonlike self subskaal na afloop van die program. Die betroubaarheid van die spesifieke skale was wel laag, wat toegeskryf kan word aan die kollektivistiese aard van

die spesifieke kultuur waaraan die adolessente behoort, omdat hulle meer geneig is om op die gemeenskap, as op die individu te fokus. Daar is wel prakties betekenisvolle verbeterings te bespeur wat die totale selfkonsep van die eksperimentele groep aantref. Die kontrolegroep het egter ook 'n verbetering op die totale selfkonsep getoon. Die onderwyseres wat verantwoordelik was vir die organisering van die twee groepe kon onbewustelik meer aandag aan die deelnemers gegee het, wat die noodsaaklikheid van 'n aktiewe poging om hierdie adolessente te aktualiseer, demonstreer. Beide die groepe het tendense van verbetering op die fisiese self-subskaal getoon. As daar in ag geneem word dat 'n tydperk van 8 maande tussen die voor- en na-toetsing verloop het, kan die verbetering toegeskryf word aan normale groei en ontwikkeling wat plaasgevind het. Deelnemers aan die eksperimentele-, sowel as aan die kontrolegroep het tydens na-toetsing tendense van verbetering op die satisfaksie-skaal getoon. Die satisfaksie wat die eksperimentele groep beleef kan in verband gebring word met hul verhoogde gevoel van welstand en algemene geluk, asook die feit dat hul 'n beter konsep van hulself ontwikkel het. Alhoewel hul omstandighede steeds haglik is, voel hulle innerlik sterker en in staat om te oorleef of selfs uit te styg bo hierdie omstandighede. Die feit dat die kontrolegroep tendense van verbetering op die satisfaksie skaal getoon het, kan moontlik verband hou met die groep se geneigdheid om hul omstandighede gelate te aanvaar. Hoop en positiewe verwagting rakende die toekoms manifesteer nie noodwendig in hulle verwysingsraamwerk nie, terwyl die eksperimentele groep meer positief is, na afloop van die lewensvaardighedsprogram.

GEVOLGTREKKING

Die bevindinge van die studie dui daarop dat die adolessente wat aan die lewensvaardighedsprogram deelgeneem het, betekenisvolle verbeterings getoon het in hul algemene ervaring van geluk en welstand. Die deelnemers se totale selfkonsep het ook verhoog, wat as 'n basis kan dien vir beter funksionering in hul milieu-geremde omgewing, aangesien hulle na afloop van die program oor meer selfvertroue en geloof in hulself beskik. Hierdie adolessente wys verder ook tendense van verbeterings wat hul identiteit,

persoonlike self, self-satisfaksie en fisiese self betref. Die spesifieke kultuur van die deelnemers moet egter in ag geneem word, aangesien fokus op die self nie vir hierdie adolessente 'n natuurlike en vanselfsprekende proses is nie.

Vanuit 'n kwalitatiewe perspektief het die navorser 'n subtiele verandering in hierdie adolessente waargeneem oor die tydperk van die intervensie. Die deelnemers het met die verloop van die program meer spontaan gereageer (dit kan egter bloot wees as gevolg van die feit dat hul later meer bekend en gemaklik geraak het met die fassiliteerder en met die proses). Die onderwyseres wat verantwoordelik was vir die organisering van die groepe en wat daaglik met die adolessente werk, rapporteer 'n definintiewe verandering by die deelnemers deurdat hulle meer assertief is en positiewe verwagtinge rakende die toekoms koester.

Uit die studie blyk dit dus dat die adolessente wel verskeie onbevredigende psigologiese behoeftes het. As gevolg van minimale stimuli vanaf die omgewing, stagneer die adolessente en sodoende word die proses van selfaktualisering belemmer. Ten spyte van die realiteit van hulle omstandighede en beperkte toekomsvisie (Ndandani, 2001), het hierdie adolessente wel 'n behoefte aan psigologiese ontwikkeling (Onyeneje, 2000). Volgens Kraukamp (2004) is die aanleer van lewensvaardighede die beste manier om psigologiese ontwikkeling te bewerkstellig en aangesien psigo-opleiding 'n interaktiewe proses behels, blyk dit mees effektief te wees (Vermeulen, 2001). Uit die literatuur is dit egter duidelik dat adolessente in milieu-geremde omgewings gedepriveerd is (Pillay & Lockhat, 1997) en daarom bied 'n enkele program nie voldoende blootstelling en stimulasie nie. Dit is egter wel 'n beginpunt wat positiewe resultate getoon het.

Leemtes

- Gedurende die administrasie van die vraelyste en die aanbieding van die program het dit duidelik geword dat die taalkwessie 'n probleem is ten spyte van die teenwoordigheid van 'n interpreteerder (tolk). 'n Vertrouensverhouding tussen die fassiliteerder en deelnemers is nie onmiddellik gevestig nie, as gevolg van die onvermoë van die fassiliteerder om die deelnemers in hul eie taal aan te spreek. Die deelnemers was nie bekend met al die terminologie nie en die fasiliteerder was afhanklik van die interpreteerder om woorde soos assertiwiteit, dinkskrum en selfkonsep aan hulle te verduidelik. As gevolg van die belangrikheid wat die gemeenskap in die deelnemers se spesifieke kultuur speel, het hulle dit moeilik gevind om op die self as 'n individu te fokus, tydens die selfskonsep en selfbewustheid afdelings van die program. Al die deelnemers was nie teenwoordig tydens die na-toetsing nie, a.g.v koue weerstoestande en tekort aan vervoer tot by die skool. Volgens die skoolhoof is dit 'n algemene probleem en gevolglik is die kinders se skoolbywoning baie ongereeld wat 'n negatiewe uitwerking het op hul akademiese prestasie. Afrika-siening ten opsigte van tyd en stiplikheid het soms veroorsaak dat die fasiliteerder die aanbieding begin sonder dat al die lede teenwoordig was. Aangesien hierdie adolessente nie selfone het nie, kon hulle nie in die hande gekry word nie en was die fasiliteerder nooit seker of hulle wel later gaan opdaag nie.
- Die program het oor 'n tydperk van vier dae gestrek. Dit was egter te kort en die deelnemers kon nie die nuwe vaardighede wat hul aangeleer het voldoende in oefen nie. 'n Opvolgprogram of herhaling van dieselfde program moet gedoen word. 'n Verdere na-toetsing geleentheid, 4-6 maande na voltooiing van die program, kon 'n aanduiding gee van die langwerkende effek van so 'n intervensie.

Aanbevelings

Aanbevelings vir die praktyk:

- Daar word aanbeveel dat adolessente in milieu-geremde omgewings blootgestel word aan herhaalde stimulasie wat hul lewensvaardighede verder kan ontwikkel en hul ontdekte positiewe affek en selfbeeld in stand hou. Die vak wat tans in alle skole verpligtend is, naamlik “Lewensorientering”, behoort ‘n positiewe bydrae te lewer in die verdere ontwikkeling en instandhouding van die adolessente se lewensvaardighede.
- Daar word aanbeveel dat die onderwysers en personeel wat daaglik met die adolessente werk, opgelei word om probleme te identifiseer sodat verwysings na die plaaslike klinieke gedoen kan word.

Aanbevelings vir verdere navorsing

- Daar word aanbeveel dat die effek van hierdie lewensvaardigheidsprogram binne groter groepe en in ander milieu-geremde areas, deur verdere navorsing, bepaal word.
- Daar word aanbeveel dat gepoog word om die ouers van die adolessente in hierdie omgewings te betrek, sodat die status quo nie behou word nie, maar dat die effek ‘n verandering in die groter gemeenskap kan meebring.
- Verdere navorsing kan meer spesifiek fokus op die adolessente se belewing van hul omstandighede, sodat intervensies hulle behoeftes direk kan aanspreek.

BIBLIOGRAFIE

- Adams, G.R. & Berzonsky, M.D. 2003. *Blackwell handbook of adolescence*. Malden, MA : Blackwell Pub.
- Adendoyin, S.F. 2000. Sustainable children-In-Agriculture Programme in Nigeria. In Akubuilu, C.J.C; Mgbada, J.U. et al (eds). *Sustainable children-In-Agriculture programme in Nigeria*.
- Aust, J. 2003. *Rural Health*. 11, 73-80.
- Baker, T.L. 1999. *Doing Social Research*. 34 ed. New York, McGraw-Hill.
- Best, C.J., Cummins, R.A. & Lo, S.K. 2000. The Quality of Rural and Metropolitan Life. *Australian Journal of Psychology*, 52(2), 69-74.
- Booyesen, F. 2003. HIV/AIDS and Poverty: Evidence from the Free State Province, 6(2), 419-438.
- Burleson, W. 2005. Developing creativity, motivation and self-actualization with learning systems. *International Journal of Human-Computer Studies*, 63(4-5), 436-451.
- Cohen, J. 1988. *Statistical power analysis for the behavioral sciences*. (2nd ed. hillside, N. J : Erlbaum.
- Conger, K.J., Rueter, M.A. & Conger, R.D. 2000. The role of economic pressure in the lives of parents and their adolescents: The Family Stress Model. In L. J. Crockett & R. K. Silbereisen (Eds.), *Negotiating adolescence in times of social change* (p 201-233). New York: Cambridge University Press.
- Coon, D. 2003. *Essentials of Psychology*. 9th ed. Thomson Learning, Inc.

- Daniel, T.L. 2005. Perceived Parental Control Processes, Parent-Child Relational Qualities and Psychological Well-Being in Chinese Adolescents with and without economic disadvantage. *Journal of Genetic Psychology*, 166(2).
- Davis, G. Y. & Stevenson, H. C. 2006. Racial Socialization Experiences and Symptoms of Depression among Black Youth. *Journal of Child and Family Studies*, 15(3), 303-317.
- Diener, E., Emmons, R., Larsen, R.J. & Griffin, S. 1985. The Satisfaction with Life Scale. *Journal of Personality Assessment*, 49 (1), 71-75.
- Eamon, M.K. 2002. Influences and mediators of the effect of poverty on young adolescent depressive symptoms. *Journal of Youth and Adolescence*, 31, 231-242.
- Elgar, F.J., Arlett, C. & Groves, R. 2003. Stress, coping and behavioral problems among rural and urban adolescents. *Journal of Adolescence*, 26(5), 574-585.
- Eyles, D.J. & Bates, G.W. 2005. Development of a Shortened Form of the Coping Responses Inventory-Youth with an Australian Sample. *North American Journal of Psychology*, 7(2), 161-170.
- Fagg, J., Curtis, S., Stansfeld, S. & Congdon, P. 2006. Psychological distress among adolescents and its relationship to individual, family and area characteristics in East London. *Social Science and Medicine*, in Press, Corrected proof, Available online 3 April 2006.
- Fava, G.A. & Ruini, C. 2003. Development and characteristics of a well-being enhancing psychotherapeutic strategy: well-being therapy. *Journal of Behavior Therapy & Experimental Psychiatry*. 34(1), 45.
- Field, A. 2005. *Discovering Statistics Using SPSS*, London, SAGE publications, p 779.
- Fitts, W.H. & Warren, W.L. 1996. Tennessee Self-Concept Scale. (2nd ed). Los Angeles, California: Western Psychological Services.

Frydenberg, E., Lewis, R., Bugalski, K., Cotta, A., McCarthy, C., Luscombe-Smith, N. & Poole, C. 2004. Prevention is better than cure: coping skills training for adolescents at school. *Educational Psychology in Practice*. 20(2), 117-134.

Gaganakis, M. 2003. Gender and future role choice : a study of black adolescent girls. *South African Journal of Education*. 23(4), 281-286.

Govender, K. & Killian, B.J. 2001. The psychological effects of chronic violence on children living in South African townships. *South African Journal of Psychology*, 31(2), 1-11.

Jacobs, E., Masson, R.L. & Harvill, R.E. 2002. Group counseling. 4th ed. Canada: Wadsworth Group.

Kammann, R. & Flett, R. 1983. Affectometer 2: A scale to measure current levels of general happiness. *Australian Journal of Psychology*, 35:259-265.

Kardum, I. & Krapic, N. 2001. Personality traits, stressful life events, and coping styles in early adolescence. *Personality and Individual Differences*, 30(3), 503-515.

Kernis, M. H. 2005. Importance of Stability of Self-Esteem in Psychological Functioning. *Journal of Personality*. 73(6). Blackwell Publishing.

Kraukamp, H. 2004. Life-long learning : a tool to combat poverty and inequality in South-Africa. 23(2), 23-35. Unisa Press.

Lewis, J. 2005. The physiological and psychological development of the adolescent. Yale-New Haven Teachers Institute.

Lockhat, R & Van Niekerk, A. 2000. South African children: a history of adversity, violence and trauma, *Ethnicity & Health*, (5) 291-302.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. Menslike Ontwikkeling. 3de uitgawe. Kaapstad. Kagiso Tersiër.

Moos, R.H. 1993. *Coping Responses Inventory-Youth Form Manual*. Odesa: Psychological Assessment Resources.

Ndandani, M. 2001. Development debate and practice: rural schools and educational technology: a case study of rural schools in the Molopo district, Mafikeng. *Development Southern Africa*. September 2001. 18(3) : 377-393.

Nelson Mandela Foundation, 2005. *Emerging Voices: A Report on Education in South-African Rural Communities*.

Onyeneje, E.C. 2002. Children-In-Agriculture Programme in secondary school : some psychological considerations. *African Journal of Farm Child and Youth Development*.

Pillay, A.L. & Lockhat, M.R. 1997. Developing Community Mental Health Services for Children in South Africa. *Soc. Sci. Med*, (45)10, 1493-1501.

Pretorius, J. W. M. 1990. *Kompensatoriese onderwys: Struktuuranalise en – beskrywing*. Ph.D.-proefskrif. Pretoria; Universiteit van Pretoria.

Purdie, N., Carroll, A. & Roche, L. 2004. Parenting and adolescent self-regulation. *Journal of Adolescence*. 27(6), 663-676.

Puskar, K.R., Sereika, S.M., Lamb, J. Tusaie-Mumford, K. & McGuinness, T. 1999. Optimism and its relationship to depression, coping, anger and life events in rural adolescents. *Mental Health Nursing*, 20(2), 115-130.

Robbinson, A. 1998. *Unlimited Power*. Great Britain; Simon & Schuster.

Roos, C., Taljaard, R. & Lombard, A. 2001. *Developmental interventions: programme development*. Suid-Afrika, Pretoria

Rooth, E. 2001. *Lifeskills. A resource book for facilitators*. Manzini: Macmillan Boleswa

- Ryan, R.M. & Deci, E.L. 2001. On happiness and human potentials: A Review of Research on Hedonic and Eudaimonic Well-Being. *Annual Review of Psychology*, 52(1), 141.
- Ryff, C.D. & Singer, B.H. 1998. Emotion, social relationships and health. Oxford: Oxford University Press.
- Saraswathi, T.S. 1999. Adult-child continuity in India: Is adolescence a myth or an emerging reality? In T.S. Saraswathi (Ed.), Culture, socialization and human development: Theory, research and applications in India (213-32). New Delhi: Sage.
- SAS Institute Inc. 1999. The SAS System for Windows Release (Version 8). NC: Cary.
- Shek, D.T.L. 2003. A longitudinal study of parenting and psychosocial adjustment among Chinese adolescents experiencing economic disadvantage. *International Journal of Adolescent Medicine & Health*, 15, 39-49.
- Simon, B. & Klandermans, B. 2001. Political collective identity: A social psychological analysis. *American Psychologist*, 56, 319-331.
- Statistics South Africa, 2002. Census 2001.
- Tarrant, M., MacKenzie, L. & Hewitt, L.A. 2005. *Journal of Adolescence*. In Press, Corrected Proof, Available online, 26 September 2005.
- Umaria-Taylor, A.J. 2004. Ethnic identity and self-esteem: examining the role of social context. *Journal of Adolescence*, 27(2), 139-146.
- Van Eeden, C. 1996. Psychological well-being and sense of coherence. Unpublished doctoral dissertation. Potchefstroom: PU for CHE.
- Verkuyten, M. 2005. The puzzle of high self-esteem among ethnic minorities: comparing explicit and implicit self-esteem. *Self and Identity*, 4(181), 177-192.

Vermeulen, Z.B. 2001. Die opvoedkundig-sielkundige groepsbegeleiding van die vroeë adolessent met stres. Fakulteit Opvoedkunde PU vir CHO.

Vorster, H.H., Wissing, M.P., Venter, C.S., Kruger, H.S., Kruger, A., Malan, N.T., de Ridder, J.H., Veldman, F.J., Steyn, H.S., Margetts, B.M. & MacIntyre, U. 2000. The impact of urbanization on physical and mental health of Africans in the North West Province of South Africa: the THUSA study. *South African Journal of Science* (96) September/October, 505-514.

Wilson, A. 1993. Family. London: Tavistock.

Willison, B.G. & Masson, R.L. 1990. Therapeutic reparenting for the developmentally deprived student. *School Counselor*, 38(2) : 143-152.

Wissing, M., du Toit, M., Nienaber, A., Hammes-Kirsten, D., Kirsten, T., Claasens, E. & du Plessis, W. 1997. A Lifeskills and Coping Programme for adolescents. Potchefstroom: PU CHO.

Wissing, M.P. & Du Toit, M.M. 1994. Relations of the Neo-PI-R dimensions (NEO-FFI) to sense of coherence (SOC) and other measures of psychological well-being. Paper: 23rd International Congress of Applied Psychology, Madrid, Spain, 17-22 July.

Wissing, M.P., Thekiso, S., Stapelberg, R., Van Quickelberge, L., Choabi, P., Moroeng, C. & Nienaber, A. 1999. The psychometric properties of scales measuring psychological well-being in an African group. Paper presented at the International Africa Psychology Congress. July, 19-23, 1999, Durban, South-Africa.

Zegeye, A. 2004. Of Struggles and Whistles: Mamelodi's Black Youth Culture. *Current Sociology*, 52(5), 850-878.